kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 358

Welkom, o stille nag van vrede,
onder die suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede
oor sterrehemel ruis.

Refrein
Kersfees kom, Kersfees kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

Hoor jy hoe sag die klokke beier
In eeue-oue taal.
Kyk, selfs die nagtelike swye
vertel die ou verhaal.

Woorddiens

Tema: "Waarvoor wag jy"

Skriflesing: Markus 13:24-37

Broodjies vir die pad

"Waiting is painful. Forgetting is painful. But not knowing which to do is the worst kind of suffering."
― Paulo Coelho, By the River Piedra I Sat Down and Wep

◆◆◆

"I suspect the truth is that we are waiting, all of us, against insurmountable odds, for something extraordinary to happen to us."
― Khaled Hosseini, And the Mountains Echoed

"They say, Find a purpose in your life and live it. But, sometimes, it is only after you have lived that you recognize your life had a purpose, and likely one you never had in mind."
― Khaled Hosseini, And the Mountains Echoed

And the Mountains Echoed

by Khaled Hosseini (Goodreads Author)

An unforgettable novel about finding a lost piece of yourself in someone else.

Khaled Hosseini, the #1 *New York Times*–bestselling author of *The Kite Runner* and *A Thousand Splendid Suns*, has written a new novel about how we love, how we take care of one another, and how the choices we make resonate through generations.

[…]

https://www.goodreads.com/book/show/16115612-and-the-mountains-echoed

◆◆◆

"The world is full of magic things, patiently waiting for our senses to grow sharper."
― W.B. Yeats

◆◆◆

"VLADIMIR: What do they say?
ESTRAGON: They talk about their lives.
VLADIMIR: To have lived is not enough for them.
ESTRAGON: They have to talk about it."
― Samuel Beckett, Waiting for Godot

◆◆◆

WAITING FOR GODOT

Philosophical

Existential

Broadly speaking, existentialists hold that there are certain fundamental questions that every human being must come to terms with if they are to take their subjective existences seriously and with intrinsic value. Questions such as life, death, the meaning of human existence and the place of (or lack of) God in that existence are among them. By and large, the theories of existentialism assert that conscious reality is very complex and without an "objective" or universally known value: the individual must create value by affirming it and living it, not by simply talking about it or philosophising it in the mind. The play may be seen to touch on all of these issues.

Martin Esslin, in his *The Theatre of the Absurd* (1960), argued that *Waiting for Godot* was part of a broader literary movement that he called the Theatre of the Absurd, a form of theatre which stemmed from the absurdist philosophy of Albert Camus. Absurdism itself is a branch of the traditional assertions of existentialism, pioneered by Søren Kierkegaard, and posits that, while inherent meaning might very well exist in the universe, human beings are incapable of finding it due to some form of mental or philosophical limitation. Thus humanity is doomed to be faced with *the Absurd*, or the absolute absurdity of the existence in lack of intrinsic purpose. This interpretation has since been viewed by many scholars as narrow and limiting.

[....]

Christian

Much of the play is steeped in scriptural allusion. The boy from Act One mentions that he and his brother mind Godot's sheep and goats. Much can be read into Beckett's inclusion of the story of the two thieves from Luke 23:39–43 and the ensuing discussion of repentance. It is easy to see the solitary tree as representative of the Christian cross or the tree of life. Some see God and Godot as one and the same. Vladimir's "Christ have mercy upon us!" could be taken as evidence that that is at least what he believes.

[....]

Other explicit Christian elements that were mentioned in the play include, but not limited to, repentance, the Gospels, a Saviour, human beings made in God's image, the cross, and Cain and Abel.

According to biographer Anthony Cronin, "[Beckett] always possessed a Bible, at the end more than one edition, and Bible concordances were always among the reference books on his shelves." Beckett himself was quite open on the issue: "Christianity is a mythology with which I am perfectly familiar so I naturally use it." As Cronin argues, these biblical references "may be ironic or even sarcastic".

"In answer to a defence counsel question in 1937 (during the libel action brought by his uncle against Oliver St. John Gogarty) as to whether he was a Christian, Jew or atheist, Beckett replied, 'None of the three'". Looking at Beckett's entire œuvre, Mary Bryden observed that "the hypothesised God who emerges from Beckett's texts is one who is both cursed for his perverse absence and cursed for his surveillant presence. He is by turns dismissed, satirised, or ignored, but he, and his tortured son, are never definitively discarded."

https://en.wikipedia.org/wiki/Waiting_for_Godot

◆◆◆

"Do not wait for the last judgment. It comes every day."
— Albert Camus

◆◆◆

Die vervulling van tuinmaak lê in die mistiek

Wilhelm Jordaan

Met ’n onlangse besoek aan Stellenbosch het ek ’n draai gemaak by my ouers se laaste huis: Buitekringweg 47. Om vir ’n tydjie te vertoef by die bome wat my pa in die laat 1960’s op ’n onbewerkte verkeerseilandjie oorkant hul huis geplant het.

Van die 15 wat daar nou is, het my pa seker so vyf geplant, wat beteken sy handewerk was aansteeklik en ander mense het oor die jare daarmee voortgegaan.

Nou is daar ’n woudjie van koelte en stilte. Wat my laat wonder het wat dit is wat mense laat tuinmaak en bome plant.

Is dit bloot ’n bietjie opportunisme? Tuine en bome is mos noodsaaklik vir jou estetiese sin. Jy ontspan in jou eie tuin of in dorpe en stede se parke.

En tuine is ’n “groen wins” wat die suurstofkringloop bevorder. Tuine en bome is ook ’n bate vir jou huis se waarde. ’n Mooi tuin sorg vir ’n beter prys. Daarom huur sommige mense landskapargitekte en beroepstuiniers om die spoggerigste tuin in die buurt te hê.

Nog ’n rede is dalk ’n ekologiese bewussyn – die besef dat die mens deel is van ’n lewende ekosisteem waarin die enorme (die aarde, sterre, son en die heelal) en die kleine (partikels, atome, mikrobes, individue, plase, tuine, parke, gemeenskappe en samelewings) ’n patroon van fyn ewewig vorm; dat alles in mekaar se beskutting simbioties kan saamleef.

Gans anders as die brutale, selfdienende egosentrisme waarmee mense die aarde en haar bronne uitbuit en verniel.

Dit is vanuit dié bewussyn wat ’n mens boomplant-veldtogte moet begryp. Soos in die geval van die Indiese omgewingsaktivis en boswerker Jadav Payeng se lewenswerk. In 1979 toe hy 16 was, het hy gesien hoe slange op die warm, kaal sandbanke van die Brahmaputra-rivier sterf.

Hy het toe begin bome plant en oor dekades ’n bos geskep wat vandag 550 hektaar beslaan. Payeng werk en plant steeds daar en baie mense wat sien wat hy bereik het, volg hom na. Naas die bome en plantlower huisves die bos nou Bengaalse tiere, renosters, bokke, hase en baie soorte voëls.

Maar die vervullendste rede vir tuinmaak en bome plant is die mistiek daaromheen. Soos ek dink my pa, boerseun en onderwysman, dit beleef het. Ek sien nog sy bruin hande vol grond wanneer hy tussen die krismisrose werk, sy laphoedjie én die krullende rokie van ’n skelm sigaretjie.

Hy het verstaan wat die digter Friedrich Hölderlin bedoel in die gedig “Da ich ein Knabe war” (“Toe ek ’n seuntjie was”): “Die welluidende gesuis/van die bome in die bos was my skool/en van die liefde het ek/tussen die blomme geleer.”

Miskien is dit dan soos die Mexikaanse digter Octavio Paz sê: ’n Tuin is nie ’n plek nie; dit is ’n deurgang.

Waarheen weet ons nie, maar om deur die tuin te gaan, is genoeg. Want om daardeur te gaan, is om vir altyd te bly.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/die-vervullende-van-tuinmaak-le-in-die-mistiek-20171107

Brood vir die pad

Om te hoop om te lewe met ander visie en waardes

RRV

’N Ou Joodse verhaal vertel van ’n afgeleë koninkryk waar die graanoes een jaar met gif besmet geraak het. Almal wat hiervan eet, sou mal raak. Die probleem was egter dat daar geen ander kos beskikbaar was nie.

Die koning laat roep toe sy getroue raadgewer en sê vir hom: “Ons almal moet eet, anders sal ons sterf. Maar jy, probeer jy om minder te eet.

“Sorg dat jy genoeg van jou verstand behou sodat jy deur die donker tyd wat voorlê vir ons kan herinner dat ons mal geword het. Moenie ophou om ons hieraan te herinner nie. Die tyd sal kom wanneer ons weer gesond sal wees.”

Dié verhaal – wat in verskillende weergawes oorvertel word – suggereer iets daarvan dat in donker en ontwrigte tye ons hoop daarin mag lê dat daar sommige is wat anders leef.

Mense met ander visies en waardes, met ander gebruike en gewoontes. Of om Bybelse taal te gebruik, mense wat in die wêreld is, maar nie van die wêreld nie (sien Johannes 17:14-16).

’n Paar jaar gelede verskyn Rod Dreher se The Benedict Option, ’n boek wat heelwat bespreking ontlok het. Die titel verwys na die slotparagrawe van die filosoof Alasdair MacIntyre se invloedryke boek After Virtue (1981), waarin hy verwys na moontlike parallelle tussen ons tyd en die tyd toe die Romeinse Ryk verval het.

MacIntyre meen dat net soos sommige hulle destyds gewend het tot die kloosterlewe, ons in ons dag ook rede het om ons hoop te plaas in die daarstel van nuwe gemeenskappe wat as draers van moraliteit en beskaafdheid tydens die nuwe donker eeue wat voorlê, kan dien.

“We are waiting not for a Godot, but for a – doubtless very different – St Benedict,” skryf hy.

Die “Benedict option” verwys dus na die voorstel dat ons vandag – net soos die Heilige Benedictus van Nursia in die 6de eeu ’n nuwe monastieke beweging begin het – ons hoop op alternatiewe vorme van gemeenskapslewe moet plaas.

Maar wat behels hierdie visie, en wat beteken hierdie “anders leef”? Dalk vra ons tyd wel soos in die storie hierbo dat ons by wyse van spreke oor ons eetgewoontes besin.

Vir Christene beteken dit onder meer dat ons onthou dat die eet van die brood en die drink van die wyn tydens die viering van die nagmaal teruggaan na die “nag waarin Jesus deur Judas oorgelewer is” – dit wil sê midde-in die politieke realiteite van die dag. Dit is dus midde-in hierdie lewe wat ons geroep word om met ’n ander visie en waardes te leef.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/om-te-hoop-om-te-lewe-met-ander-visie-en-waardes-20171124

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877